

The image features an abstract graphic design with three blue circles of varying sizes, each composed of concentric layers of different shades of blue. These circles are arranged along a diagonal line that runs from the top-left towards the bottom-right. The largest circle is at the top, a smaller one is in the middle, and a third, partially cut-off circle is at the bottom right. The background is white with thin blue lines extending from the top-left corner towards the circles.

Vlotheid en intonatie

Marlene van der Berg
5/20/2012

Vlotheid

- Die gebrek aan vaardigheid in swak lesers is bewys deur hul stadige, haggelrige en inkonsekwente tempo, swak frasiering; en onvoldoende intonasie patrone. Nie alleen lees goeie lesers vlot, met die nodige spoed nie, maar wanneer hulle hardop lees, gebruik hulle ook toepaslike frasiering, intonasie, en hulle manier van lees weerspieël hul gesproke taal.
- As vlotheid 'n trappie is tot beter leesbegrip, dan is dit noodsaaklik om die leerder te help, met die oorgang van dekodering van teks- na die koppeling van gesproke taal tydens die leesaksie.
- Indien die kind nie probleme het met gesproke taal nie sal die konneksies die kind help om sy lees te monitor en te self-korrigeer, wat weer die kind sal help om begrip te verbeter.
- Leerders moet bewus gemaak word dat die gesproke taal se intonasies in die gedrukte teks weergegee word, deur leestekens.
- Daar is funksies wat teenwoordig is in die gesproke taal wat leidrade verskaf na 'n spreker se bedoeling soos gebare, gesigsuitdrukking, intonasie, en stres

wat nie teenwoordig is in die gedrukte teks. Die afwesigheid van hierdie kenmerke in die teks inhibeer sommige lesers van die gerammel van woorde (groepering deur semantiese en sintaktiese funksies) in sinvolle eenhede.

- Net soos ons die leerder leer om klank-simbool konneksies tydens dekodering te maak, moet ons ook die lesers leer om hierdie kenmerke van gesproke taal na die gedrukte teks oor te dra.

Intonasie / leestekens

I. Om hierdie bewustheid van taal te ontwikkel, kan onderwysers 'n kort drie-woord sin gebruik. Onderstreep elke keer 'n ander woord waarop die stres geplaas word.

(bv. **Hy** is siek Hy **is** siek. Hy is **siek**.)

Die onderwyser lees die drie sinne met die verskillende intonasie en stresvlakke op die verskillende woorde.

Bespreek die moontlike betekenis, vir elke verandering.

Die leerder oefen hierdie sinne totdat hy/sy hulle vlot lees met die verskillende stresvlakke op die verskillende woorde.

Hierdie eenvoudige drie-woord sinne kan verander en uitgebrei word om verskillende werkwoorde, voornaamwoorde, en tye in te sluit. (bv. Jy siek is. Ek is siek. Hulle is siek. Oupa is siek. Is oupa siek? Oupa, is jy siek?)

2. Hierdie strategie kan ook gebruik word, terwyl die frases langer gemaak word en die verskillende betekenis beklemtoon word (bv. Klim **uit** die bed uit. Klim uit die **bed** uit. Klim **nou** uit die bed uit.)

Onderwysers kan ook vlotheid oefen met frases wat dikwels in die teks voorkom. Voorsetsel frases is goeie sintaktiese strukture vir die tipe werk (bv. op die _____ in die _____, oor die _____ ens).

3. Die onderwyser kan ook sekere gedrukte intonasie patrone wat insluit variasies van tempo, sterkte en toonhoogte afpaar. Die onderwyser lees die verskillende variasies van 'n sin en die leerder moet die bedoelde betekenis kan aflei.

Byvoorbeeld, wanneer 'n mens iets wil beklemtoon praat hulle dikwels stadiger en harder. (bv. Josua, klim-nou-uit-die-bed!).

Dikwels is die enigste teks merker vir hierdie sin die uitroepteken (!) Die spreker se bedoeling sal die wyse wees waarop dit afgelewer word, kan beïnvloed. Deur die oefening van mondelinge variasies sal studente gehelp word om die verband te maak vir lees.

Hierdie strategie kan ook gebruik word om studente bewus te maak van verskeie kenmerke wat teenwoordig is in leestekens.

Die alfabet as 'n hulpmiddel.

1. In die vroeë stadiums kan gebruik gemaak word van die alfabet, sodat die leerder op die leestekens kan fokus, sonder dat betekenis verlore gaan.

Die onderwyser lees die verskillende intonasie patrone vir die leerder voor en dan moet die leerder dit oefen deur die korrekte intonasie patrone te gebruik.

(bv. ABC DE? FGH! IJKL of ABCD! EFGHI? KL.)

2. Onderwysers beweeg dan na eenvoudige twee-woord of drie-woord sinne. Die sinne word onderbreek met 'n vraagtekens en uitroeptekens en punte. Die verskil in betekenis met elke leesteken word bespreek. Bv. Hy lees. Hy lees! Hy lees?

3. Die leerder moet nou besef dat die leesteken vir ons sê hoe ons die sin moet lees en waar ons moet klem lê en waar nie.


Woord-vir-woord lees

Studente wat woord-vir-woord lees, kan aanvanklik voordeel trek uit die beoefening van frasering met die alfabet, eerder as woorde, omdat die leerder dan nie belas word om betekenis af te lei nie. Die letters word gegroepeer en daar word 'n boog getrek onder sekere dele. Die leerder moet dan die alfabet stukke voordra/lees.

(bv. Abc de fgh ijk lm. Nop qrs tu v wxyz abcde.

Sodra studente die konsep van frasering verstaan, kan die onderwysers die leerder help om die teks in sintaktiese (naamwoordfrase, werkwoordkonstruksies, voorsetsel frases) op te breek totdat die leeder dit self kan doen.

Die teks word vir die leerder geskryf/getik of die leerder kan self die sinne skryf.



Gebruik bekende woorde en maak frases uit sinne soos hier uiteengesit. Die leerder beweeg 'n papier met 'n venstertjie bo-oor frases totdat die frases vlot geles

word.

Daarna word die frases in sinne gesit en die leerder kry die geleentheid om dan die sinne/storie te lees. Maak dan ook seker dat die leerder verstaan het wat hy/sy geles het, deur mondelinge vrae daaroor te beantwoord.

Die lees masjiene is maklik om te maak en die student word in staat gestel om te fokus op klein gedeeltes van die teks op 'n tyd. Indien onderwysers graag 'n bepaalde woord wat belangrik is, vir die begrip wil beklemtoon, kan hulle dit afsonderlik aanleer of onderstreep in die teks.